**TOM NEWBY SCHOOL**

**TOETS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans** | **Eksaminatrise** | **Mev. J. Dorrington** |
| **Datum** | **Junie 2022** | **Totale punte** | **50** |
| **Graad** | **6** | **Tydsduur** | **2 ure** |
| | | **Moderatrise** | **Mev. M Steyn** |
| **Spesiale Instruksies** | **Geen woordeboeke.<br>Antwoord op die vraestel.** | | |

**This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.**

| | | |
|---|---|---|
| **Naam:** | **Van:** | **Klas:** |

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

**Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks (20)**
**Vraag 2: Visuele teks (10)**
**Vraag 3: Opsomming (5)**
**Vraag 4: Taal in konteks (15)**

50

Vraag 1:<u>Begripstoets</u>

**Haas red sy baas!**

Almal het gedink Downy die driejarige haas was maar net nog 'n oulike, wollerige hasie met 'n pienk neusie. Die inwoners van die woonstelgebou in Wisbech, Engeland, waar Downy gebly het saam met Babara, was maar net te bly hy was 'n tjoepstil konyn en nie 'n raserige hond of papegaai wat aanhoudend blaf of fluit nie.

Die dankbare bure het gereeld vir hom oorskiet slaai of koolblare gebring. Hulle het dan ook vir Downy wat so stil was gespot en baie grappies gemaak oor die Paashaas. Hulle het vir Babara – sy eienares, gevra waar Downy die Paaseiers wegsteek. Nie een van die bure sou ooit kon raai dat Downy eendag hulle lewe sou red nie, maar dit is presies wat Downy gedoen het.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

Een nag toe 'n brand uitbreek in die gebou, het Downy se sensitiewe neusie eerste die rook en vlamme geruik. Hy het blitsvinnig na Babara se kamer gehardloop en op sy agterpote teen haar bedkassie gaan staan. Hy het toe teen die Kassie aanhou krap en skop tot sy wakker geword het. Barbara het vir Downy gegryp en alarm gemaak om almal te waarsku. Gelukkig kon al die inwoners betyds uit die brandende gebou vlug.

Niemand kon glo dat 'n konyn hulle lewe gered het nie… en niemand het ooit weer grappies oor die Paashaas gemaak nie.

Geskryf deur Wendy Maartens

Woorde 198

**Vrae:**
Nadat jy die berig sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou geen Engels nie.

1.1 Wat is die haas se naam?
________________________________________ (1)

1.2 Waar het die storie plaasgevind?
________________________________________ (1)

1.3 Hoekom dink jy, was die mense bly dat Downy net 'n haas was?
________________________________________ (1)

1.4 Vind die woord in **paragraaf 2** wat vir ons sê hoe die bure gevoel het oor die feit dat Downy stil was.
**Skryf die woord neer.**
________________________________________ (1)

1.5 Onderstreep die regte antwoord in die volgende sin. (1)
Downy was 'n (oulike, wollerige / vriendelike, wollerige) hasie.

1.6 Hoekom dink jy het Downy teen Barbara se kassie geskop en krap terwyl sy geslaap het?
________________________________________ (1)

1.7 **Voltooi** die sin deur die regte **antwoord te omkring**. (1)

Die gebeure het plaasgevind in...
a. in die oggend
b. in die middag
c. oor Paasnaweek
d. in die aand

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

1.8 Vul die tabel in deur een verskil te noem, wat in die storie gegee word, tussen Downy en 'n hond. (1)

| Downy | 'n Hond |
|---|---|
| | |

1.9 Lees weer die storie kyk na die volgorde van gebeure. Pas Kolom B by Kolom A en skryf die antwoord in letters neer in Kolom C. (1)

| Kolom A | Kolom B | Kolom C |
|---|---|---|
| 1.9.1 eerste gebeur | A. Downy maak Barbara wakker | 1.9.1 |
| 1.9.2 tweede gebeur | B. Barbara bel die brandweer. | 1.9.2 |
| 1.9.3 laaste gebeur | C. Downy ruik rook | 1.9.3 |
| | D. Downy red al die mense | |

1.10 Voltooi die sin deur die regte antwoord in te vul. (1)

Die bure het downy gespot, hulle het hom die ____________________ genoem.

1.11 Wat dink jy bedoel "oorskiet slaai of koolblare"?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

1.12 Wat dink jy sou die gevolge wees as Downy nie wakker geword het nie? (Skryf jou antwoord neer in 'n sin.)

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

1.13 Hoe dink het die mense gevoel wat altyd vir Downy geterg het nadat hy hulle gered het? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________________________________ (1)

1.14 Hoe het Downy geweet die woonstelgebou is aan die brand?

_______________________________________________________________________ (1)

1.15 Dink jy die titel van die storie is gepas? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________________________ (1)

1.16 Dink jy die mense gaan nog vir Downy spot, nadat hy hulle gered het? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

1.17 Het jy van die storie gehou? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

1.18 Die bure het altyd grappies gemaak en Downy gespot. Dink jy dit is reg om iemand te spot? Verduidelik jou antwoord.

_______________________________________________________________ (1)

1.19 Wat sal jy doen as jy agterkom jou huis is aan die brand?

_______________________________________________________________ (1)

1.20 Dink jy dit kan 'n ware storie wees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________________ (1)

Totaal vraag 1: 20

| Vraag 2: Visuele teks |
|---|

Kyk na die volgende plakkaat op bladsy 5 en beantwoord dan die vrae:

2.1 Wat is die belangrikste boodskap wat die plakkaat aandui?

_______________________________________________________________ (1)

2.2 Hoe kan kleur en woorde gebruik word om 'n boodskap te gee?

2.2.1 **Kleur:** _______________________________________________ (1)

2.2.2 **Woorde:** _____________________________________________ (1)

2.3 Die woord vuur is groter as die ander letters geskryf. Hoekom is dit so geskryf?

_______________________________________________________________ (1)

2.4 Die woord **"KAN"**word ook vir die leser beklemtoon. Noem een van die twee maniere hoe dit op die plakkaat gedoen word.

_______________________________________________________________ (1)

2.5 Hoekom dink jy word die woord **"KAN"** bekemtoon?

_______________________________________________________________(1)

2.6 Lees nou die sewe instruksies.

2.6.1 Wat moet jy doen volgens die eerste instruksie?

_______________________________________________________________ (1)

2.6.2 Waarom is **LOOP** in hoofletters?

_______________________________________________________________ (1)

2.6.3 Wanneer kan jy na die klas toe terug gaan?

_______________________________________________________________ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

2.7 As ons die plakkaat by die skool moet opsit, dink jy dit sal aandag trek? Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

Totaal vraag 2: 10



**VUUR**

**KAN**

**DOODMAAK**

**Jy KAN dit keer!!!**

1. Bly kalm!
2. Beweeg dadelik na buite.
3. **LOOP** in rye na die sportveld.
4. **Moenie hardloop nie!**
5. **Sit** in rye op die veld.
6. As iemand seergekry het, vertel.
7. **Bly daar** tot dit veilig is.

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

Vraag 3: Opsomming

Gebruik die inligting oor Brandgevare om jou opsomming te skryf.

Wat jong kinders van brandgevare moet weet.

1. Kinders moet weet dat die meeste sterftes wat verband hou met brand, deur rook inaseming is en dat in die geval van 'n brand hulle dadelik na buite moet gaan en nie in die huis moet wegkruip nie.

2. Leer kinders van kleins af al die nodige noodnommers, in die geval van 'n brand moet hulle dadelik die nooddienste skakel.

3. Kinders moet ook leer wat brandgevare in hou en dat hulle glad nie moet speel met vuur of vuurhoutjies nie.

4. As hulle in 'n brandende gebou is moet hulle leer om nie aan deurhandvatsels te vat nie, hulle kan hulle hande ernstig brand. As dit nodig is om 'n deur ooptemaak moet hulle 'n handoek of 'n lap gebruik.

5. Kinders moet ook leer dat as 'n gebou vol rook is dit veiliger is om te sak tot op die vloer en te kruip, want warm lug stuig op en daar sal minder rook laer wees.

TOM NEWBY SCHOOL

Instruksies:

- Som die inligtingstuk op in 5 goeie sinne.
- Skryf jou sinne onder mekaar neer.
- Nommer jou sinne van 1-5
- Jou opsomming moet tussen 60-70 woorde wees.
- Skryf jou woordtelling aan die einde van jou werk neer.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

Totaal vraag 3:5

LIVEWORKSHEETS

| Vraag 4: Taal in konteks |
|---|

Gebruik die leesstuk: Haas red sy baas! om die vrae te beantwoord.

4.1 Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin.

Die bure het gereeld vir hom oorskiet slaai of koolblare gebring. (1)

4.2 Die **rangtelwoord** in die volgende sin is___ ? **Omkring** die regte antwoord.
*Downy se sensitiewe neusie het eerste die rook en vlamme geruik.*

a. sensitiewe
b. vlamme
c. eerste
d. geruik (1)

4.3 Geen 'n **antoniem** vir dankbare: ____________________________ (1)

4.4 Gee 'n **sinoniem** vir gou: ______________________________ (1)

4.5 Voltooi die tabel. (2)

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| haas | 4.5.1 | 4.5.2 |

4.6 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Downy hardloop vinnig kamer toe. (Laas week)

_________________________________________________________________ (1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Die joernalis skryf 'n berig oor Downy. (Môre)

_________________________________________________________________ (1)

4.8 Vul in 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin.

_______ bure het opgehou om vir Downy te spot. (1)

4.9 Sê watter **tipe sin** die volgende sin is. Onderstreep die regte antwoord tussen hakies.

Is al die mense veilig? (vraagsin, stelsin, uitroepsin, bevelsin) (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

4.10 Sê watter tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is.
Gebruik die woorde in die blok om jou te help.

| | |
|---|---|
| Persoonlike voornaamwoord, | Besitlike voornaamwoord, |
| Aanwysende voornaamwoord, | Onpersoonlike voornaamwoord |

Downy het sy eienaar se lewe gered. _________________________________ (1)

4.11 Skryf die volgende woord in **lettergrepe** en **sê of dit oop of geslote** is.

**wollerige**: ___________________________________ (1)

4.12 Gee die **intensiewe vorm** van **vinnig**: ________________________ (1)

4.13 Voltooi die **trappe van vergelyking** van: (1)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| **oulik** | | **oulikste** |

4.14 **Onderstreep** die korrekte antwoord in hakies.
Die woord **bure** is 'n voorbeeld van 'n (versamelnaam / ontelbare naamwoord). (1)

Totaal vraag 4:15

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

# Graad 6 Afrikaans Addisioneel Junie Eksamen 2022
## Prestasie evaluering
## (Vir onderwys gebruik alleenlik)

Naam en van:______________________________ Klas: 6______

Vraag 1:

| Vraag no.: | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | .13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | | | | | | | | |

| Vraag no | 1.18 | 1.19 | 1.20 |
|---|---|---|---|
| Montlike punt | | | |
| Leerder punt | | | |

Vraag 2:

| Vraag no.: | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | |

Vraag 3:

| Vraag no.: | 3.1 |
|---|---|
| Moontlike punt: | 5 |
| Leerder punt: | |

Vraag 4:

| Vraag no.: | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 | 4.9 | 4.10 | 4.11 | 4.12 | 4.13 | 4.14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt: | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punt: | | | | | | | | | | | | | | |

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS